# 11 Desember 2021 - Lesing 7 - Die verskuilde "donkie/esel" simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

## Die Boek van Herinnering word as Volksfondament opgerig deur die Dogter van Sion in 1998-2002

***[[Ode oor 'n Boek, die Plaat van Herinnering.]***

**Ode van Salomo 23:1** BLYDSKAP behoort aan die Apartes, en wie sal met Haar beklee word, behalwe hulle?
2 Barmhartigheid behoort aan die uitverkorenes, en wie sal Hom ontvang, behalwe hulle wat van die begin af op Hom vertrou het?
3 Liefde behoort aan die uitverkorenes, en wie sal met Haar beklee word, behalwe hulle wat Haar van die begin af besit het?
4 Wandel in die Kennis van die Hoogste El, en jy sal die Guns van JaHWeH, sonder teësinnigheid, ken: SY jubeling en die Suiwerheid van SY Kennis.
5 SY gedagtes was soos 'n Boekrol, SY Wil het neergekom van omhoog; [JeshaJaH 5:28]
6 En hy is gestuur soos 'n pyl uit 'n boog, wat afgevuur word met krag; [Openbaring 6:2; Psalm 127:4]
7 **En vele hande het afgepyl op die Boekrol om hom te gryp en hom te neem en hom te lees;**
8 En hy het uit hulle vingers ontsnap; en hulle was vol vrees vir hom **en vir die Seël wat op hom was**. [JeshaJaH 29:10-12]
9 Want hulle was nie toegelaat om sy Seël te verbreek nie, want die **Krag wat op die Seël was, was groter as hulle.**
10 Maar hulle wat hom gesien het, **het agter die Boekrol aangegaan,** sodat hulle kon weet waar sy bestemming was, en wie hom sou lees, en wie hom sou hoor. [JeshaJaH 29:18-21; Maleagi 3:16]
11 **Maar 'n wiel (DIE GILGALWIEL) het hom ontvang, en sy het op hom neergedaal;**
12 Tesame met hom was 'n **Teken van Koningskap en van Heerskappy.**
13 Alles wat voor die wiel beweeg het, het hy gemaai en afgesny; [JeshaJaH 41:15; Miga 4:13]
14 Hy het 'n menigte van teëstanders versamel; en Hy het riviere bedek; [Odes van Salomo 39:1Openbaring 12:15]
15 Hy het oorgegaan en baie volke ontwortel en 'n breë Pad gemaak.
16 Die Hoof het neergedaal na die Voete, want sovêr as die Voete gaan **het die wiel gerol saam met hom wat op haar was.** [JeségiEl 1:19; JeshaJaH 60:14-17]
17 Hy was 'n **Boekrol en 'n Bevel**, <u>**want alle plekke is byeengebring.**</u>
18 Op haar hoof het die Hoof verskyn wat geopenbaar is, **die Seun van die Waarheid van die Hoogste El VADER**. [JeségiEl 1:26; 2 Ezra 7:26]
19 Hy het van alles besit geneem en hom ontvang; en die denke van vele het tot niks gekom nie. [MattithJaHûW 5:17-18]
20 En almal wat op 'n dwaalspoor gelei is, het ontsnap en gevlug en hulle wat vervolg het, is vernietig en uitgewis.
**21 Maar die Boekrol het 'n groot Plaat van Herinnering geword, wat geheel en al geskryf is deur die Vinger van Elohim; en die Naam van die VADER was op hom, en van die Seun, en van die Gees van Apartheid, om te regeer vir Ewig tot in Ewigheid.** [Maleagi 3:16; Openbaring 14:1; Exodus 28:36-37]
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

## Die geestelike en fisiese toestand van die Boerevolk voor 1994, n herhaling van die Makkabeër tydperk

***Die Helleniste se sport-idool vernietig die Judese volks-waardes***

4 MAAR bogenoemde **Simon, wat saam met die skatte ook sy vaderland verraai het**, het teen Onías gelaster dat dit hyself was wat Heliodórus mishandel het en die besoedeling veroorsaak het.
2 Selfs het hy die vermetelheid gehad om hom, wat die weldoener van die stad, die beskermer van sy volksgenote en die yweraar vir die Wet was, **'n samesweerder teen die regering te noem.**
3 Die vyandigheid het so ver gegaan, dat een van die wat onder Simon se invloed gestaan het, hom aan moord skuldig gemaak het.
7 Toe Antíochus, wat Epífanes genoem word, na die dood van Seleúkus die koningskap aanvaar het, het Jason, die broer van Onías, hom deur lis die **hoëpriesterskap toegeëien**.
8 Tydens 'n ontmoeting het hy aan die koning driehonderd en sestig talente silwer uit die tempelskat belowe en verder nog 'n ander tagtig talente.
9 Hy het ook onderneem om nog 'n verdere honderd-en-vyftig talente te betaal, as aan hom die bevoegdheid toegeken sou word om **'n gimnasium en 'n worstelperk op te rig** en die inwoners van Jerusalem as burgers van Antiochië in te skryf.
10 Toe die koning dit toegestaan het en Jason die hoëpriesterskap gekry het, het hy terstond met die **hervorming** van sy volksgenote volgens die **Griekse voorbeeld** begin.
11 Hy het die **bepalinge afgeskaf** wat vir die manne van JeHûWdah voordelig was en wat destyds deur JeHôWganan, die vader van Eupólemus, as lid van die gesantskap na die Romeine by die koning beding is en waardeur hulle die reg gehad het tot vriendskaps-verdrae en bondgenootskappe. Ook het hy **gewoontes opgehef** wat in ooreenstemming met die Wet was, terwyl hy nuwe gebruike ingevoer het wat met die Wet in stryd was.
12 Opsetlik het hy juis onder teen die bergvesting 'n

**gimnasium** opgerig, en hy het die seuns van die aansienlikste burgers daartoe gebring om 'n **Griekse hoed** te dra.

13 Vanweë die grenselose onbeskaamdheid van die wettelose en onpriesterlike Jason is die **verGrieksing en die voorkeur vir verbasterde elemente so toegespits,**

14 dat die priesters nie meer belanggestel het in die altaardiens nie, die Tempel (**JaHshua se leer**) met minagting bejeën en die bydraes (**armes**) verwaarloos het, en dat hulle maar **liewers na die gimnasium gegaan het om die besoedelde spele by te woon**, wat na die oproep tot die skyfgooi gevolg het.

15 **Hulle het die eerbewyse van hulle vaders verag en het die Griekse onderskeidinge baie hoog geag.**

16 Maar hierdeur het hulle in moeilike omstandighede gekom, **want die persone wie se lewenswyse hulle oorgeneem het en aan wie hulle volkome gelyk wou word, het juis hulle vyande en verdrukkers geword**.

17 Dit is ook nie gering om teen die Wette van Elohim te oortree nie, ook al volg die straf eers later.

***Die manne van JeHûWdah word deur Antiochus vervolg.***

6 NIE lank daarna nie het die koning 'n grysaard van Athene gestuur, wat die manne van JeHûWdah moes dwing om **af te wyk van die Wette van hulle vaders en om nie meer die Wette van Elohim te onderhou nie**.

2 Ook moes hy die Tempel van Jerusalem (**JaHshua**) skend, en toewy aan **Zeus Olimpius**; en die tempel op die Gerisim, vanweë die gasvryheid van die bewoners, toewy aan **Zeus Xénius**.

3 En die besoedeling het voortgewoeker, totdat dit vir die groot massa ook te swaar en ondraaglik geword het.

4 Want in die tempel was daar volop liederlikheid en drinkpartye van die nasies; hulle het hulle verlustig in hoere, en in die suilegange van Apartheid, het hulle met vroue omgegaan, terwyl hulle verder allerlei aanstootlike dinge na binne gebring het.

5 Ook die brandoffer het vol gelê met gruwelike aanbiedings, wat deur die Wet verbied is.

6 Dit was verbode om die Sabbat of die voorvaderlike Feeste te vier, of om kenbaar te wees as 'n Hebreër,

*"**Zeus (later Jesus)** is the **Olympian god** of the sky and the thunder, the king of all other gods and men, and, consequently, the chief figure in Greek mythology. The son of Cronus and **Rhea**, (**Ma-Rhea**) he is probably most famous for his infidelity to his sister and wife, **Hera (Here!)**"*


*"The Greek god Zeus is sometimes called **Zeus Xenios** in his role as a protector of strangers. He thus embodied the moral obligation to be hospitable to foreigners and guests. Legally, xenia was a **charge of bastardy.** "*

*"They (the Greek-Roman World) had worshipped Zeus as the supreme deity. Their savior was Zeus, so now they were ready to accept Jehoshua as Jesus - Iesous, meaning - **hail Zeus**. Now our translated scriptures say that Jahweh's (Jehovah's)Son's name is Jesus, which is a compound word made up of Ie and Zeus (Hail Zeus)."*

***-The Origin of Christianity by A.B. Traina***

*"This name of the true Messiah, Jahshuwah (Jehoshua), being Hebrew, was objectionable to the Greeks and Romans, who hated the Judeans (Jews), and so it was deleted from the records, and a new name inserted. **Jahshuwah (Jehoshua) was thus replaced by Ie-Sous (hail Zeus), now known to us as Jesus."***

-***The Origin of Christianity by A.B. Traina***



Zeus Olimpius



Rhea

Mother of Gods